

PolyMathic

Die beste eksamen voorbereiding
Kry 20x vraestelle, 20x Memos en
Videos waarin elke vraag stap-vir-stap
verduidelik word vir slegs R25pm

Vir meer inligting gaan na:
PolyMathic.co.za of
Whatsapp: 081 697 6555

Let op: Jy kan hierdie vraestel sowel as 20 ander, met memo's EN
aanlyn Video's waarin elke vraag stap-vir-stap opgelos en,
in-diepte, verduidelik word kry vir slegs R25pm.

Indien jy wil sien hoe dit lyk kan jy hierdie skakel volg:

polymathic.co.za/courses/graad-7-wiskunde

Klik op "vraestel 1" en klik dan op enige van die vrae om te
sien hoe die video's lyk.

Graad 7 Wiskunde – Kwartaal 1 Toets

Totaal: 65

- Jy gaan die meeste baat vind deur hierdie vraestel uit te werk asof jy in die eksamen sit, hom dan te merk met die memo en DAARNA na die video oplossings te kyk (**Video oplossings is slegs beskikbaar vir leerders wat ons amptelike pakket gekoop het**).
- Die temas wat gedek word, word hieronder aangedui, doen slegs die temas wat in jou afbakening is – Let ook op dat van die temas oorvleuel.
- Hierdie is 'n voorbeeld toets, 'n onderwyser hoef nie die temas in enige spesifieke orde te hanteer in klas nie en kon vir die leerders spesifieke “tips” gegee het oor die afdelings wat hulle belangriker ag – gaan weer deur jou kind se huiswerk-boekie en maak seker julle mis nie iets nie.

Temas:

1. Heelgetalle
2. Eksponente
3. Konstruksie van meetkundige figure
4. Meetkunde van 2-D vorms
5. Meetkunde van Reguit lyne

Vraag 1 (Tema 1) [Video 1] (10)

1. Lys die faktore van 36.
2. Wat is die KGV van 3 en 13?
3. Wat is die GGV van 32 en 66.
4. Watter faktore van 42 is ook veelvoude van 6?
5. Lys die priemfaktore van 52
6. Skryf 540 as 'n produk van sy priemfaktore.
7. Rangskik in dalende orde: 254 660 ; 250 000 ; 254 670 ; 255 000 ; 254 700

Vraag 2 (Tema 2) [Video 2] (20)

1. $5^3 =$
2. $\sqrt{113 - 77} =$
3. $3^4 - 2^3 + 5^2 - 4^3 =$
4. $(11 - 2)^3 =$
5. $x^3 \cdot x^5 \cdot x^2 \cdot x^0 =$
6. $\sqrt[3]{64} =$
7. $\sqrt{5^2 - 3^2} =$
8. $z^2 \cdot \sqrt[3]{z^6} =$
9. $(\sqrt[3]{t^9})^2 =$
10. $(6^2 + 3^3) - (2^4 - 11) =$
11. Maak gebruik van priemgetalle om op te los vir: $\sqrt{3600}$
12. Maak gebruik van priemgetalle om op te los vir: $\sqrt[3]{216\,000}$

Vraag 3 – Meetkunde en Hoeke: Teorie (15)

1. Die som van die binnehoeke van 'n driehoek is gelyk aan?
2. Die grootte van 'n hoek van 'n gelyksydige driehoek is gelyk aan?

3. Wat noem ons 'n hoek wat 102° is?
4. 'n Regtehoek kan uitgeken word omdat _____
5. As twee sye van 'n driehoek ewe lank is, is _____ ewe groot. Ons noem so 'n driehoek 'n _____ driehoek.
6. Wat noem ons 'n hoek wat 16° is?
7. 'n Vierhoek waarvan slegs een paar teenoorstaande sye parallel is word 'n _____ genoem?
8. Wat noem ons 'n hoek van 360° ?
9. 'n Reguit lyn wat nie deur die middelpunt van 'n sirkel gaan nie, maar wel begin en eindig op die omtrek van die sirkel, word 'n _____ genoem.
10. Noem twee eienskappe van 'n ruit.
11. Noem twee eienskappe van 'n parallelogram.
12. Verduidelik die verskil tussen parallelle lyne en loodregte lyne.
13. Skets 'n onreëlmatige driehoek.
14. Wat is die vergelyking van 'n reguit lyn?
15. Skets twee lyne, een met 'n positiewe en een met 'n negatiewe helling. (Dui duidelik aan watter een is positief en watter een is negatief).

Vraag 4 – Bereken die volgende (10)

1. $1\ 234 \times 453 =$
2. $8345 \div 9 =$
3. $345 + 12 + 9 + 10\ 000 + 12\ 345 =$
4. $10\ 000 - 999 =$
5. $3 \times (5 - 2) + 64 \div 8 - 3^2 =$

Vraag 5 – Bereken die volgende (10)

1. Wat is die omtrek van 'n gelyksydige driehoek waarvan 'n sy se lengte gelyk is aan 5cm?
2. Jy meet die sy van 'n dobbelsteen en vind dat dit 2cm lank is. Wat is:
 - A) Die Volume van die dobbelsteen?
 - B) Die Buiteoppervlakte van die dobbelsteen?
 - C) Hoeveel vlakke het 'n dobbelsteen?
 - D) Watse vorm 'n dobbelsteen?